

Voorwoord

In die ou Geloofsleerboekie wat vir baie jare as kategesehandboek in ons Kerk gebruik is, word in die inleiding by Sondag 1 die volgende vraag en antwoord gestel:

Wat sal my altyd troos?

Die geloof dat ek aan Christus behoort, sal my altyd troos.

Gelowiges en die kinders van gelowiges behoort aan Christus. Hierdie eiendom, hulle wat aan Christus behoort, word die kerk genoem, waarvan ons lidmate is. Om 'n gelowige te wees, is meer as net "lidmaatskap" van die kerk van Christus. Geloof is iets lewend. Dit veronderstel kennis, ja, kennis van die Woord van God, maar ook vertrou in die God van die Woord. In ons tyd heers daar baie maal 'n stilte oor 'n ander aspek van geloof. Dit is gehoorsaamheid aan God.

Omdat God sy liefde veral deur Jesus Christus aan ons bewys, word ons aangespoor en opgeroep, nie net om die evangelie te verkondig nie, maar om self ook die daad by die Woord te voeg en liefde te bewys. Ek moet hierdie Bybelse liefde uitleef, elke dag, op elke plek waar ek my bevind, denkend, onder leiding van die Heilige Gees.

Die doel van enige kategesehandleiding is om ons te begelei om Jesus Christus te leer ken, om te verstaan hoe God se liefde vir sondaars lyk, om iets van God se genade te verstaan. Verder is dit belangrik dat hierdie dinge wat kinders hoor, leer en oordink met die oog op begrip, moet lei tot vernuwende denke. Wanneer ons anders as gewone wêreldse mense begin dink, sal ons anders voel en dan anders doen. Dankie dat jy bereid is om in diens van die Here en sy koninkryk hierdie dienswerk te verrig. Mag jy ook hierdie jaar saam met die kinders 'n verdieping van jou eie geloof ervaar en jou kennis van God verbreed, en mag die verstaan van sy genade jou dra om soos 'n volgeling van Jesus Christus te gaan leef.

Gaan word en wees 'n voorbeeld vir al die kinders en volwassenes in die gemeente en gemeenskap. Wees lief vir die kinders, beoefen geduld en begelei hulle soos God dit wil. Met hierdie handleiding is gepoog om jou in staat te stel om deur die krag van die Heilige Gees voor te berei, sodat jy die kinders in jou klas op pad na die koninkryk van die hemel kan begelei. Mag jy daarin slaag om teen die einde van hierdie jaar die kinders iets te kon leer oor die troos in Christus, sodat hulle die lewe meer voorbereid mag leef.

God se werk is altyd opwindend en uitdagend. Mag die Heer die pad saam met jou loop!

**Ds Marius Venter
Samesteller**

So werk die kategese

Hierdie kategesehandleiding is so saamgestel dat elke les dieselfde struktuur volg. Met die gedeelte MEER INLIGTING word jy begelei om 'n redelike agtergrond te kry oor dit wat in die les aangebied word. Feite uit MEER INLIGTING word ook saamgevat in IETS BELANGRIK, die gedeelte wat ook in die kind se boek opgeneem is. Die kategesereeks waarvan hierdie boek deel is, werk op die volgende basis: Daar bestaan drie fasegroepe van graad R tot by graad 10. Graad R tot graad 3 vorm die eerste fase, graad 4 tot graad 7 die tweede fase, en die laaste

fase is graad 8 tot graad 10. Daar word deurgaans vier tipes lesse in elke boek vir alle grade aangebied.

- **Graadles**

'n Graadles is 'n les wat vir die kinders van daardie spesifieke graad geskryf is. Dit is 'n gewone les soos ons dit altyd geken het en word op die gewone manier aangebied. Die getal lesse wissel van twee tot drie per kwartaal. Waar daar net twee lesse is, is die derde een altyd 'n hersieningsles.

- **Gesinsles**

'n Gesinsles is ook vir kinders van 'n spesifieke graad geskryf, maar met die verskil dat die hele gesin die geleentheid bywoon. Dit word een keer per kwartaal aangebied. In die lig hiervan moet ouers gewoon gemaak word om as deel van die nakoming van hul doopbelofte hierdie deel van die kategeese saam met hul kinders deur te maak. 'n Gesinsles is altyd so saamgestel en word so aangebied dat die hele gesin daarby betrokke raak. Daar moet gepoog word om ten minste die ouers by so 'n geleentheid te betrek, maar aangesien die kind deel is van 'n gesin, sal dit goed wees as ander lede van die gesin ook die geleentheid kan bywoon. Die fokus van hierdie lesse val op gesins- en ouer-kind-verhoudings. Die betrokkenheid van gesinne in die hele gemeentelopset word ook hier veronderstel. Omdat ouers bewus moet wees wanneer hulle die lesse moet bywoon, moet kategete reeds aan die begin van die jaar datums aan die ouers voorsien en hulle kort voor die les weer herinner.

- **Faseles**

Faselesse word aan al die kinders van 'n spesifieke fase aangebied: graad R tot graad 3, of 4 tot 7, of 8 tot 10. Hier val die klem op gemeenskaplike sake wat relevant is vir kinders van daardie fase. Aldrie of alvier kategete van 'n spesifieke fase moet dus seker maak dat roosters nie bots nie en wie verantwoordelik gaan wees vir die aanbieding van daardie les. Ter wille van die samehorigheidsgevoel en dissipline moet aldrie of alvier kategete teenwoordig wees wanneer die les aangebied word.

- **Praktykles**

'n Praktykles is 'n les wat ten doel het om ons geloofskennis te laat uitmond in fisiese geloofsdade in die praktyk, soos ons lees in Jakobus 2: 17: *So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood.* Daar moet by hierdie lesse daarop gelet word dat dit soms baie voorbereiding verg in die sin dat afsprake met individue of instansies gemaak moet word, reëlins getref moet word met betrekking tot vervoer, ensovoorts. Kyk reeds aan die begin van die jaar na al die praktiese lesse en tref betyds reëlins na die aard van elke les.

'n Slotwoord van my kant af: Mag jy vanjaar met jou betrokkenheid by kinders krag, insig, geloof en verantwoordelikheid van die Here ontvang. *In Christus se voetspore* sit jy deur die leiding van die Heilige Gees as't ware ook jou arms om kindertjies, lê hulle die hande op en seën hulle. So verkry jy 'n eervolle plek in die gemeente, groot sekerheid in jou geloof in Christus Jesus, en sal jy na hierdie lewe deel in die vreugde van jou Here.

Dr Hannes Beukes
Hoofredakteur

Lys van medewerkers

Ds Marius Venter

Ds Marius Bacon

Mev Annali Venter